

# MILITARIA

15/5


1985



TYDSKRIFTE - AFDELING  
J. S. GARRICKS - LIBRIOTIEK  
STADENBOSCH

16-03-1986

ARKULET  
ASNR.



**Cover Picture**

The Belfry after Restoration

**Voorbladfoto**

*Die Kloktoring na Restourasie*

# MILITARIA

Amptelike  
Vaktydskrif van  
die SAW

Official  
Professional Journal  
of the SADF



**Redaksie**

Militêre Informasieburo  
SAW  
Privaatsak X289  
Pretoria

**Edited by:**

Military Information Bureau  
SADF  
Private Bag X289  
Pretoria

**MILITARIA** is verkrygbaar by die Militêre Informasieburo, SAW, Privaatsak X289, Pretoria 0001, Suid-Afrika.

**MILITARIA** is available at the Military Information Bureau, SADF, Private Bag X289, Pretoria 0001, South Africa.

Opinions expressed by individual contributors do not necessarily reflect the official viewpoint of the SADF.

Persoonlike menings in die loop van 'n artikel uitgespreek, word nie noodwendig deur die SAW onder-skryf nie.

# Inhoudsopgawe/Contents

## Editorial

### Redaksioneel

**Introduction to the photograph collection; Castle of Good Hope** Cdr W.M. Bisset  
**Inleiding tot die fotoversameling: Kasteel de Goede Hoop** Kdr W.M. Bisset

1. Historical Background Historiese Agtergrond	1
The Castle of Good Hope/Die Kasteel de Goede Hoop Miss/Mej W.J. Kroukamp	7
2. The Castle in later years Die Kasteel in later jare	15
3. The Military significance of the Castle Die Militêre betekenis van die Kasteel	22
4. The First World War Die Eerste Wêreldoorlog	28
5. The Second World War Die Tweede Wêreldoorlog	35
6. The Castle as Fortress Die Kasteel as Vesting	45
7. Military Service and Training: post-war period Militêre Diens en Opleiding: na-oorlogse periode	50
8. The Castle as accommodation for Governors, Commanders, officers and troops Die Kasteel as huisvesting vir Goewerneurs, Bevelvoerders, offisiere en troepe	56
9. Visitors Besoekers	63
10. The No. 1 Military District and Cape Command Visitors books 1919–1957 Kdr/Cdr W.M. Bisset	67
11. Functions held at the Castle Funksies gehou in die Kasteel	75
12. Herdenkings en sosiale geleenthede	??
13. Awarding of Medals, Decorations and Honours Toekennings van Medaljes, Dekorasies en Eerbewyse	81
14. The Dark Hole/Die Donker Gat Lt A.M. Le Roux	84
15. Prison Gevangenis	86
16. The Castle's Museums Die Kasteel se Musea	89

### **Redaksie/Editorial Staff**

Besturende Redakteur  
Managing Editor : Maj J.Y. Erasmus

Uitvoerende Redakteur/  
Executive Editor : Lt A.M. Le Roux

Fotografiese Redakteur  
Photographic Editor : Lt Kdr/Lt Cdr E.M. Meyers

Medewerkers/Co-Workers : Mej/Miss W. Kroukamp  
Mnr/Mr J.A. Visser

## EDITORIAL

The Castle in Cape Town is undoubtedly the oldest landmark in the history of South Africa, that has been preserved for the present and coming generations. Now, 319 years after the cornerstone for the building of the Castle was laid, the restoration of this historical fortress is already in full swing. In 1986 it will be closed temporarily to facilitate further restoration work and when it re-opens, one will be able to view the Castle in all its old splendour.

The closing of the Castle coincides with the moving of the Maritime Museum to a more appropriate place in the old Victoria tidal basin in Table Bay. The relocation of the Maritime Museum, which was established in the Castle in 1971, is necessitated by the restoration work on the Castle. The relocation of the Maritime Museum in the harbour of Table Bay will revive the historical importance of the area and will assist in restoring Cape Town's historical link with the sea. At the new venue, the Maritime Museum will be able to accommodate considerably more memorabilia.

To date the Maritime Museum has been run by the SA Defence Force Museum Service assisted by the National Maritime Museum Trust. The control of the Museum will now pass to a civilian body. The SADF Museum Service will retain certain items relating to South Africa's naval history which will be displayed in a SA Naval Museum to be established in the grounds of Fort Wynyard in Green Point.

This edition of *Militaria* is dedicated entirely to the origin and history of the Castle. The interesting illustration material included herein, brings the role that the Castle played in the military history of the Republic of South Africa, clearly to the fore.

## REDAKSIONEEL

*Die Kasteel in Kaapstad is ongetwyfeld die oudste landmerk in die geskiedenis van Suid-Afrika, wat vir die huidige en komende geslagte behoue gebly het. Nou, 319 jaar nadat die hoeksteenlegging vir die bou van die Kasteel gelê is, is die restourasie van hierdie historiese vesting reeds in volle swang. In 1986 sal dit tydelik gesluit word om verdere herstelwerk te vergeomaklik en wanneer dit weer oopgestel word, sal die Kasteel ten volle in sy ou glorie besigtig kan word.*

*Die sluit van die Kasteel val ook saam met die verskuwing van die Maritieme Museum na 'n gesikter plek in die Ou Victoria-getykom in Tafelbaai. Die verskuwing van die Maritieme Museum wat in 1971 in die Kasteel gevestig is, word genoodsaak deur die restourasiewerke aan die Kasteel. Die hervestiging van die Maritieme Museum in die hawegebied van Tafelbaai sal die historiese belangrikheid van die gebied laat herleef, en daar toe mee help om Kaapstad se historiese verbintenis met die see in ere te herstel. In sy nuwe tuiste sal die Maritieme Museum heelwat meer gedenkwaardighede in sy versameling kan huisves.*

*Tot op hede is die Maritieme Museum deur die Suid-Afrikaanse Weermag se Museumdiens, bygestaan deur die SA Nasionale Maritieme Trust, bedryf. Die beheer van die museum sal nou aan 'n burgerlike instansie oorgedra word. Die SA Museumdiens sal egter sekere items wat op die vlootgeskiedenis van Suid-Afrika betrekking het, behou vir opname in die SA Vlootmuseum wat by Fort Wynyard (Groenpunt) opgerig gaan word.*

*Hierdie uitgawe van *Militaria* word ten volle gewy aan die ontstaan en geskiedenis van die Kasteel. Uit die interessante illustrasiemateriaal wat hierin opgeneem is, kom die rol wat die Kasteel in die Republiek van Suid-Afrika se krygsgeskiedenis gespeel het, duidelik na vore.*

# AN INTRODUCTION TO THE PHOTOGRAPH COLLECTION: CASTLE OF GOOD HOPE

by Cdr W.M. Bisset (SO1, SADF  
Museums Service)

The Castle of Good Hope in Cape Town is South Africa's oldest and most important historical monument, so one would expect that many photographs depicting its history would be readily available. Unfortunately this is not the case and there are a number of gaps in this collection.

The most important collection of early photographs of the Castle is that assembled by the Cape Archives. Most of the photographs were taken by Mr Arthur Elliott between 1900 and 1914. They provide us with a vivid picture of the officers, men, women and children of the British Garrison and show the state of the building at that time. In some instances careful scrutiny reveals architectural embellishments which have since disappeared or makes it possible to read the painted signs over the doorways which indicate who occupied the room or rooms at the time.

Mrs Felicity Moore's photographs of the Castle, its Combined Operations Room and the personnel who manned it in the closing stages of the Second World War, fill a very important gap and are published for the first time.

It is hoped that the publication of this special edition of Militaria will lead to the discovery of more historic photographs of the Castle. Our debt to the photographers whose work has been included, is immense.

#### Acknowledgements/Erkennings

The valuable help of the following is gratefully acknowledged

Akkersdyk Studios  
Lt R. Appel  
AO2/WO2 V.G. Barsdorf  
Mnr/Mr R.H. Beard  
Mnr/Mr G. Borain  
Kaapse Artiefl/Cape Archives  
Cape Field Artillery  
Cape Town Highlanders  
Cape Town Rifles  
Mnr/Mr W.G. Cooper  
Kol/Col L.A. Crook, SM, JCD  
Mnr/Mr C. Danziger  
Maj A.G.D. Gordon  
Mnr/Mr Don Nelson  
Mnr & Mev/Mr & Mrs G. Fagan

# INLEIDING TOT DIE FOTO-VERSAMELING: KASTEEL DE GOEDE HOOP

deur kdr W.M. Bisset (SO1, SAW  
Museumdiens)

Die Kasteel de Goede Hoop in Kaapstad is een van Suid-Afrika se oudste en belangrikste historiese monumente en 'n mens sou verwag dat baie foto's wat die geskiedenis daarvan uitbeeld geredelik beskikbaar sou wees. Ongelukkig is dit nie die geval nie en is daar aspekte wat nie deur die beskikbare foto's gedek word nie.

Die belangrikste versameling van vroeë foto's van die Kasteel is die wat deur die Kaapse Artiefl byeen gebring is. Meeste van die foto's is geneem deur mnr Arthur Elliott tussen 1900 en 1914. Hulle bied ons 'n duidelike prentjie van die offisiere, manskappe, vroue en kinders van die Britse garnisoen en toon die toestand van die gebou op daardie tydstip. In sommige gevalle toon deeglike bestudering van die foto's argitektoniese versierings wat sedertdien verdwyn het of word dit moontlik om die geskilderde aanwysings bokant deурopening te lees, wat aandui wie die vertrek of vertrekke ten tye beset het.

Mev Felicity Moore se foto's van die Kasteel, sy gesamentlike operasies kamer en die personeel wat dit beman het in die finale stadium van die Tweede Wêreldoorlog, vul 'n baie belangrike leemte en word vir die eerste keer gepubliseer.

Dit word vertrou dat die publisering van hierdie spesiale uitgawe van Militaria sal lei tot die ontdekking van nog meer historiese foto's van die Kasteel. Ons is besondere dank verskuldig aan die fotograwe wie se werk ingesluit is.


Mev/Mrs W. Fehr  
Mnr/Mr Charles Field  
Maj D.D. Hall RA (Retd)  
Mnr/Mr H. Hausmann  
Mnr/Mr P. James-Smith  
Kmdt/Cmdt H.M. Joyst, EM  
S ser/S sgt W.F. Klopper  
AO1/WO1 H.J.R. Kokott  
Brig W. Otto  
MacDonald, Suid-Afrika/South Africa  
Mnr/Mr Terence McNally  
Mev/Mrs C.J. Molteno  
Mev/Mrs F.V. Moore  
2 Lt L. Nieuwoudt  
Mev/Mrs E. Paap, Directeur William Fehr versameling  
Director William Fehr Collection  
Paratus  
Wrn/Pte A.V. Philcox  
Mev/Mrs W.H.E. Poole  
Mev/Mrs G.M. Prinsloo  
Mev/Mrs E. Rausch  
Kol/Col D.C. Robertson, JCD  
SAW Filmburo/SADF Film Bureau  
SA Vloot Drukeenhed/SA Navy Printing Unit  
The Argus  
The Cape Times  
Uniform  
Taylor's Studios Cape Town  
Kommandement Westelike Provincie/Western Province Command  
AO1/WO1 G.F. Wilson, PMM

The entire collection of photographs was made available to Militaria by Cdr W.M. Bisset (SO1 SADF Museums Service) and the outlay and arrangement of photographs were taken care of by Lt Cdr E.M. Meyers (photographic editor, Militaria).

*Die hele versameling foto's is aan Militaria beskikbaar gestel deur Kdr W.M. Bisset (SO1 SAW Museindienste) en die uitleg en ordening van die foto's is behartig deur Lt kdr E.M. Meyers (fotografiese redakteur, Militaria).*

## **Historical background Building of the Castle**


## ***Historiese agtergrond Die bou van die Kasteel***



The Castle prior to the building of the Kat or curtain wall in 1695. The watergate midway between Katzenellenbogen and Buren bastions was replaced as the main entrance to the Castle when the Simon van der Stel gateway was completed in April 1684. Inaccessibility at high tide, defence problems and the sandy approach which was impassable to loaded wagons were among the considerations which necessitated this change. It was feared that the ravelin in front of the watergate might be of greater use to the enemy than to the defenders. In the centre is the well. Between the Oranje and Leerdam bastions was the residence of the Dutch commander at the Cape.


*Die Kasteel voor die bou van die Kat of afskortingsmuur in 1695. Halfpad tussen die Katzenellenbogen en Buren bastions het die hek vanaf die waterkant die hoofingang tot die Kasteel geword tot die Simon van der Stel ingang in April 1684 voltooi is. Ontoeganklikheid met hoogwater, verdedigingsprobleme en die sanderige toegang wat onbegaanbaar was vir gelaaide waens, was van die oorwegings wat hierdie verandering genoodsaak het. Die vrees het bestaan dat die ravelyn voor die waterhek vir die vyand meer sou beteken as vir die verdedigers van die Kasteel. In die middel is die put. Tussen die Oranje en Leerdam bastions het die Hollandse kommandeur aan die Kaap tuisgegaan.*

Map of the old Table Bay  
*Kaart van ou Tafelbaai*




Commissioner Isbrand Goske who selected the site on which the Castle was later built in August 1665. Goske was Governor of the Cape from 1672–1676 and played a decisive role in completing the Castle.

*Kommissaris Isbrand Goske wat die perseel gekies het waarop die Kasteel later gebou is in Augustus 1665. Goske was Goewerneur aan die Kaap van 1672–1676 en het 'n beslissende rol gespeel in die voltooiing van die Kasteel.*




Drawing by Lady Anne Barnard with the Castle in the foreground. Notice the statues by Anreith above the gateway (circa 1797).

Tekening deur Lady Anne Barnard van Tafelbaai met die Kasteel in die voorgrond. Let op die standbeeld van Anton Anreith op die hekpilare (circa 1797).



The outer square from the roof of Government House in the Castle circa 1796 as seen by Lady Anne Barnard, wife of Mr Andrew Barnard the Colonial Secretary of the Cape Colony. Lady Anne Barnard was the daughter of the Earl of Balcarres.




Die buitenste vierkant van die Kasteel (omstreeks 1796) soos gesien deur Lady Anne Barnard, vrou van mnr Andrew Barnard, die Koloniale Sekretaris van die Kaap Kolonie. Lady Anne Barnard was die dogter van die Graaf van Balcarres.



Lady Anne Barnard whose letters and paintings give a fascinating picture of the Castle during the first British Occupation of the Cape 1795–1803.

*Lady Anne Barnard. Haar brieue en skilderye bied 'n fassinerende blik op die Kasteel gedurende die eerste Britse Besetting van die Kaap in 1795 – 1803.*





A drawing of Table Bay by Lady Anne Barnard with the Castle in the foreground.

'n Tekening deur Lady Anne Barnard van Tafelbaai met die kasteel in die voorgrond.

The Dolphin fountain which stood in the middle of the pool of the Governor's garden in the Inner courtyard. The statue was not found when the pool was excavated in 1983.

*Die Dolfyn spuitfontein wat in die middel van die vywer binnehof van die Goewerneurstuin geleë was. Die standbeeld is nie gevind toe die vywer opgegrawe is nie.*



The Van der Stel gateway during the latter half of the 19th Century.

*Die Van der Stel poort gedurende die tweede helfte van die 19de eeu.*



On 17th May 1865 one steamer and some 36 other ships were wrecked in the Great Gale in Table Bay. To the left of the wooden fence was the Imhoff Battery which was situated on the seaward side of the Castle.

Op 17 Mei 1865 het 'n stoomskip en sowat 36 ander skepe gestrand tydens die Groot Stormwind in Tafelbaai. Links van die hout heining was die Imhoff Battery wat aan die seekant van die Kasteel geleë was.



The Grand Parade and lioness gateway to the Castle. The lionesses are attributed to the sculptor Anton Anreith. During the 19th century the smell of the muddy moat known as the Castle Ditch was often the subject of unfavourable comment.

Die Parade en die Leeuin ingang na die Kasteel. Die standbeeld van die Leeuwvleis word aan die beeldhouer Anton Anreith toegeskryf. Gedurende die 19de eeu was die reuk van die modderige meer, beter bekend as die Kasteel Dyk, dikwels die onderwerp van ongunstige kommentaar.

## The Castle of Good Hope

Miss W.J. Kroukamp

Within the sturdy stone walls of the Castle, the early history of our country was wrought by a handful of people, who over the centuries developed into a prosperous community.

The arrival of three ships in Table Bay Harbour in April 1652 was the beginning of a new epoch in the history of South Africa. They had hardly cast anchor, when Commander Jan van Riebeeck went ashore to select a suitable site for the erection of a fort.

A wild and untamed landscape stretched out in front of them. From the ravines the roar of lions could be heard and hippopotami paddled about undisturbedly in the marsh. They also made the acquaintance of the south-east wind (south-easter) which would in years to come considerably delay work on the fort.

Jan van Riebeeck's main function, as embodiment of the authority of the Netherlands East India Company in the southern corner of Africa, was primarily of a military nature. The fort had to serve as a military stronghold in order to confirm and maintain the Netherlands' claim to Table Bay.

Work on the fort had to commence immediately. On a piece of land near the beach on the eastern side of a fresh water river, the first foundations were dug. The fort would take on the shape of a rectangular square fortress with four bulwarks or bastions.

On May 15th the name "De Goede Hoop" was bestowed on the fort. The four points or bastions were named after the four ships that lay in the bay: Drommedaris, Walvisch, Oliphant and Reijger. Although numerous problems such as illness and shortage of building materials recurred, the fort was in a reasonably advanced stage of completion after a month of untiring hard labour.

## Die Kasteel de Goede Hoop

Mej W.J. Kroukamp

Binne die stewige klipmure van die Kasteel is die vroeë geskiedenis van ons land gesmee deur 'n handjievol mense wat oor die eeuue heen gegroei het tot 'n welvarende samelewing.

Die verskyning van drie skepe in Tafelbaai se hawe in April 1652 was die begin van 'n nuwe tydvak in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Hulle het skaars anker gegooi toe Kommandeur Jan van Riebeeck aan land gegaan het om 'n gesikte terrein uit te soek vir die bou van 'n fort.

'n Woeste en ongerepte landskap het voor hulle uitgestrek. Vanuit die klowe is die gebrul van leeus gehoor en seekoeie het onverstoord in 'n moeras rondgeplas. Hulle het ook kennis gemaak met die suidoostewind wat in die daaropvolgende jare werk aan die fort aansienlik sou vertraag.

Jan van Riebeeck se vernaamste funksie as draer van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjiegesag na die Suidhoek van Afrika was grotendeels militêr van aard. Die fort moes as militêre vesting dien om Nederland se aanspraak op Tafelbaai te bevestig en te handhaaf.

Werk aan die fort moes onmiddellik begin. Op 'n stuk grond naby die strand aan die oostekant van 'n varswaterrivier is die eerste fondamente gegrawe. Die fort sou die vorm van 'n reghoekige, vierkantige vesting met vier bolwerke of bastions aanneem.

Op 15 Mei is die naam "De Goede Hoop" aan die fort gegee. Die vier punte of bolwerke is vernoem na die vier skepe wat in die baai gelê het: Drommedaris, Walvisch, Oliphant en Reijger. Hoewel tale probleme soos siektes en 'n tekort aan boumateriaal telkens opgeduiik het, was die fort na 'n

The probation period, however, only started after this point in time. With the arrival of the rainy season, insurmountable problems started to arise. A terrible time followed. The people still remained more or less unsheltered and temporary wooden sheds could not keep out the rain. The constant exposure to dampness and the continuous labour caused illness to increase.

The first family moved into the fort on June 4th and on completion of the northern point, Reijger in August, everybody went to live in the fort. The lions' roar sounded less terrifying than before.

Jan van Riebeeck started his second year at the Cape with ample courage and new zeal. More than 170 men were working on the fort and the work progressed rapidly. The temporary wooden houses in the courtyard were replaced by stone houses. The last two bastions, Walvisch and Oliphant were completed in May and June 1953.

Notwithstanding the problems that they experienced, van Riebeeck announced that their fort was entirely defensible, eighteen months after the first foundations were dug.

During the next rainy season it became evident that the mud walls of the fort were not proof against the soaking rains. It was so dilapidated that parts of it had to be rebuilt from the foundations. Branches and shrubs were mixed with the sods in the hope that it would lend more stability. The fort itself was completed towards the end of 1653.

In March 1656 the work on the fort, including the interior buildings, was completed. With the object of more efficient defence, the "Cat" which was already 7 feet higher than the walls of the fort, was built still higher. Continuous collapse and rebuilding of walls had already become routine work. Even Jan van Riebeeck had to admit that the fort was crumbling.

After ten long years of pioneering, Jan van Riebeeck departed from the Cape. His final request from his successor Zacharias Wage-

maand van onvermoeide en harde arbeid al in 'n redelike gevorderde toestand.

Die proeftydperk het egter eers ná hierdie tyd aangebreek. Met die koms van die reënseisoen het onoorkomlike probleme begin kop uitsteek. 'n Ellendige tyd het gevolg. Die mense was nog grotendeels onbeskut en die tydelike houtafdakke kon nie die reën uithou nie. Die gedurige blootstelling aan klammigheid en aanhouende werk het die siektes laat toeneem.

Die eerste gesin trek op 4 Junie in die fort in en met die voltooiing van die noordpunt, Reijger, in Augustus, het almal in die fort gaan woon. Die gebrul van leeus het minder skrikwekkend geklink as voorheen.

Jan van Riebeeck begin sy tweede jaar aan die Kaap vol moed en nuwe ywer. Meer as 170 mans werk aan die fort en werk vorder vinnig. Die tydelike houthuise op die binneplein word vervang met kliphuise. Die laaste twee bolwerke, Walvisch en Oliphant word in Mei en Junie 1653 voltooi.

Afgesien van die probleme wat hulle ondervind het, berig van Riebeeck 18 maande na die eerste fondamente gegrawe is, "ons fort is in volcomen deffentie".

Gedurende die volgende reënseisoen het dit duidelik geword dat die fort se kleimure nie bestand was teen die deurdringende reëns nie. Dit was só bouvallig dat dele daarvan uit die fondamente herbou moes word. Takke en bosse is tussen die soeie ingewerk met die hoop dat dit meer steyrigheid sou verleen. Die fort self was teen einde 1653 voltooi.

In Maart 1656 was die werk aan die fort, insluitende die binnegeboue, afgehandel. Met die oog op doeltreffender verdediging is die "kat", wat reeds 7 voet hoër was as die mure van die Fort, nog hoër opgemessel. Voortdurende ineenstortings en heropbou van mure het reeds roetinewerk geword. Selfs Jan van Riebeeck moes toegee dat die fort besig was om te verbrokkel.

naar was that a large firm stone fort should be erected for the protection of the colonists.

The winter rains of 1663, accompanied by the crumbling of the fort, was the last straw for Zacharias Wagenaar. He made an urgent appeal to the "Here XVII" to replace the mud fort with one of stone. In April 1665 Wagenaar received instructions to carry on with the erection of a stone castle.

The laying of the corner stone of the Castle of Good Hope on the terrain "66 Rhijnlandse Roeden", east of the old fort, was celebrated in a festive manner in January 1666. The new fort would take on the shape of a pentagon, in other words a fortress with five bastions. Underneath each bastion would be a powder magazine. Around the castle a moat of 2,5 metres would be dug. The engineer Pieter Dombaeer was commissioned to erect the building.

The work was tackled with new zeal. A large "boerhuys" was immediately erected in the centre of the courtyard, providing shelter against the rain and gale winds.

The building operations progressed rapidly. Even the soldiers were used to break stones and to gather shells for the lime. The foundations of the first bastion were nearly completed by May 1666. It was accordingly estimated that it would take ten to twelve years' hard work to complete the Castle; that is five bastions, moats, bridges, sea dikes, basements, sewerage, draw-wells, warehouses and living quarters.

News reached the Cape in July 1672 that war had broken out between the Netherlands and France. Preparations for the defence of the Cape were made and work on the Castle was continued in all haste. A new Governor, Isbrand Goske, arrived at the Cape and immediately inspected the building site. The progress was, however, not as successful as was hoped. The old problem of rain, illness and lack of workers once more arose. In addition the Company wanted to keep the building expenses as low as possible, but their efforts to economise, on the contrary, cost them rather more than less.

*Na tien lange jare van baanbrekerswerk vertrek Jan van Riebeeck uit die Kaap. Sy laaste versoek aan sy opvolger, Zacharias Wagenaar, was om 'n groot en stellige klipfort ter beskerming van die nedersetters op te rig.*

*Die winterreëns van 1663 met die gepaardgaande verbrokkeling van die fort was die laaste strooi vir Zacharias Wagenaar. Hy doen 'n dringende beroep op die Here XVII om die kleifort met klip te vervang. In April 1665 ontvang Wagenaar opdrag om voort te gaan met die bou van 'n klipkasteel.*

*Die hoeksteenlegging van die Kasteel de Goede Hoop op die nuwe terrein "60 Rhijnlandse Roeden" oos van die ou fort, is in Januarie 1666 op 'n feestelike wyse gevier. Die nuwe fort sou die vorm van 'n pentagon aanneem, dws 'n vesting met vyf bolwerke. Onder elke bolwerk sou 'n kruitmagasyn wees. Rondom die kasteel sou 'n grag van 2,5 meter gegrawe word. Die bouwerk is opgedra aan die ingenieur, Pieter Dombaeer.*

*Die werk is met hernude ywer aangepak. 'n Groot "boerehuys" is onmiddellik in die middel van die binneplein opgerig wat vir die werkvolk as skuiling sou dien teen die reën en stormwinde.*

*Bouwerk het vinnig gevorder. Selfs die soldate is ingespan om klippe te breek en skulpe vir kalk bymekaar te maak. Die fondamente van die eerste bolwerk was in Mei 1666 byna voltooi. Daarvolgens is bereken dat dit tien tot twaalf jaar se harde werk sou kos om die hele Kasteel, dws vyf bolwerke, gragte, brûe, seedyke, kelders, riale, waterputte, pak- en woonhuise, te voltooi.*

*Nuus bereik die Kaap in Julie 1672 dat oorlog tussen Nederland en Frankryk uitgebreek het. Voorbereidings ter verdediging van die Kaap is getref en werk aan die Kasteel is in aller haas voortgesit. 'n Nuwe goewerneur, Isbrand Goske, arriveer in die Kaap en inspekteer die bouterrein onmiddellik ná sy aankoms.*

*Die vordering was egter nie so voorspoedig as wat gehoop is nie. Die ou probleme van*

Despite all the setbacks, the fortress approached completion, slowly but surely. In October 1673 the "corps de garde" in the sea point was completed. Two months later the third bastion was ready and shortly thereafter the fourth bastion was brought to the required height.

Isbrand Goske at this stage felt that his task at the Cape had been completed. In March 1676 Johan Bax was appointed the new governor at the Cape. At the same time the fifth bastion was completed. The most urgent work that still lay ahead was the completion of the gateway, the interior heights of the curtains and the warehouses.

The powder cellar that was commenced during Isbrand Goske's time was completed in March 1677. Before the Castle of Good Hope could be regarded as completed, accommodation had to be built for the sick-comforter, preacher and the governor, and a moat had to be dug. Quite a number of defence constructions also had to be added before it would comply with the requirements of a military stronghold.

Governor Bax received a serious warning from the authorities to be on the lookout for an enemy attack. The garrison would have to be enlarged without delay. Two years after his entering office, governor Bax could proudly announce to the "Here XVII" that the Castle was for the first time in a "tamelijke genoegsame postuur van deffentie".

On the death of governor Bax, the following interior buildings had already been completed: powder cellars, a provision warehouse, a ships doctors' shop, warehouses and living quarters and a carpenter's shop.

In April 1679 the Political Council decided to name the five bastions of the Castle in honour of Prince Willem of Oranje (William of Orange) as follows:

West Bastion:	Leerdam
South Bastion:	Oranje
Southeast Bastion:	Nassau
East Bastion:	Katzenellenbogen
North Bastion:	Buren

reën, siektes en gebrek aan werkvolk het weer eens opgeduik. Boonop wou die Kompanjie die boukoste so laag as moontlik hou, maar hul poging om te besuinig het hulle eerder duurder te staan gekom.

Ten spyte van al die teenslae, nader die vesting stadig maar seker voltooiing. In Oktober 1673 was die "corps de garde" in die seepunt voltooi. Twee maande later was die derde bolwerk gereed en kort daarna is die vierde bolwerk tot op die vereiste hoogte gebring.

Isbrand Goske het in dié stadium gevoel dat sy taak aan die Kaap afgehandel was. In Maart 1676 word Johan Bax as nuwe goewerneur aan die Kaap aangestel. Terselfertyd word die vyfde bolwerk voltooi. Die dringendste werk wat nog voorgelê het, was die voltooiing van die poort, die binneste hoogtes van die gordyne en die pakhuise.

Die kruitkelder wat gedurende Isbrand Goske se tyd begin is, word in Maart 1677 voltooi. Voordat die Kasteel de Goede Hoop as voltooi beskou kon word, moes verblyf vir die sieketrooster, predikant en goewerneur opgerig en die grag gegrawe word. 'n Hele aantal verdedigingskonstruksies moes ook bygevoeg word voordat dit aan die doel van 'n militêre vesting beantwoord het.

Goewerneur Bax ontvang van owerheidsweë 'n ernstige waarskuwing om op sy hoede te wees teen 'n vyandelike aanval. Die garnisoen sou sonder versuim vermeerder moet word. Twee jaar ná sy diens-aanvaarding, kon Goewerneur Bax met trots aan die Here XVII berig dat die Kasteel vir die eerste keer in "tamelijke genoegsame postuur van deffentie" was.

Met die afsterwe van Goewerneur Bax was die volgende binnegeboue reeds voltooi: Kruitkelders, 'n negosiepakhuis, 'n sjirurgynswinkel, pak- en woonhuise en 'n timmermanswinkel.

In April 1679 besluit die Politieke Raad om die vyf punte of bolwerke van die Kasteel ter ere van prins Willem van Oranje soos volg te noem:

With the arrival of Simon van der Stel at the Cape in 1679, most of the work on the Castle had been completed.

He made changes and additions to the Castle, on his own initiative. The approach from the sea was closed and the main entrance, as we know it today, was built. The pentagonal courtyard was divided by a wall curtain, known as the "Cat" and the balcony was added which would become the centre of activities in the Castle. The Bell Tower above the entrance was built and the original bell which was cast in Amsterdam in 1699, still hangs in it.

The termination of the Netherlands occupation of the Cape in the 18th century, brought about great change at the Castle. Holland and England were in a state of war against France, and England sent an expeditionary force to seize the Cape in order to prevent it from coming into French possession. British soldiers marched into the Castle in 1795.

In 1797 the first British governor, Lord McCartney arrived at the Cape. He was accompanied by his secretary Andrew Barnard whose wife Lady Anne brought gaiety and colour to the Castle.

For almost half a century the Castle remained the centre of the economical and social life of the Europeans in South Africa. Nevertheless the continued existence of this oldest and most important building in South Africa, was threatened on three occasions during the 19th century. In 1864 governor Philip Wodehouse recommended that it should be done away with, as a means of economising. The plan was, however, postponed and later abandoned.

In 1866 the military authority decided to demolish the Castle. According to the British officers the building was not hygienic enough and it was inadequate as a military stronghold. They wanted to erect barracks in its place. Protest campaigns were held and the "Afrikanerbond" under the leadership of Jan Hofmeyer directed powerful appeals to

Wespunt:	Leerdam
Suidpunt:	Oranje
Suidoostelike punt:	Nassau
Oospunt:	Katzenellenbogen
Noordpunt:	Buren

*Met Simon van der Stel se koms in 1679 aan die Kaap is meeste van die bouwerk aan die Kasteel voltooi. Hy bring op eie initiatief veranderinge en byvoegings aan die Kasteel aan. Die toegang van die see af word toegemaak en die hoofingang, soos ons dit vandag ken, word gebou. Die vyfhoekige binnewerf word verdeel deur 'n muurgordyn, bekend as die "Kat" en 'n balkon word bygevoeg wat die middelpunt van die bedrywigheede in die Kasteel sou word. Die kloktoring bo die ingang is gebou en die oorspronklike klok wat in 1699 in Amsterdam gegiet is, hang steeds daarin.*

*Die beëindiging van die Nederlandse besetting van die Kaap in die 18de eeu, bring groot veranderinge in die Kasteel teweeg. Holland en Engeland verkeer in 'n staat van oorlog teen Frankryk, en Engeland stuur 'n ekspedisiemag om die Kaap te beset sodat dit nie in Franse besit kan kom nie. Britse soldate marsjeer in 1795 die Kasteel binne.*

*In 1797 arriveer die eerste Britse goewerneur, Lord Macartney, aan die Kaap. Hy word vergesel deur sy sekretaris, Andrew Barnard, wie se vrou, lady Anne, vrolijkheid en kleur aan die lewe in die ou Kasteel bring.*

*Vir byna 'n halfeeu was die Kasteel die middelpunt van die ekonomiese en maatskaplike lewe van die Blanke in Suid-Afrika. Tog was die voortbestaan van hierdie oudste en belangrikste gebou in Suid-Afrika in die 19de eeu drie keer bedreig. In 1864 het goewerneur Philip Wodehouse aanbeveel dat as 'n besparingsmiddel daarmee weggedoen sal word. Die plan is egter uitgestel en later afgestel.*

*In 1866 besluit die militêre owerheid om die Kasteel af te breek. Volgens Britse offisiere was die gebou nie higiënies genoeg nie en was dit ondoeltreffend as 'n militêre vesting. Hulle wou barakke in sy plek oprig. Protes-*

the queen. Accordingly, the building was saved.

Towards the end of the 19th century the Railways insisted on the demolition of the Castle to make way for railway lines to the Cape station. They were successful in that the Van Immhoff Battery and the Van Immhoff house were removed, but public resistance against it, under the leadership of Mrs Marie Koopmans-De Wet, prevented the demolition of the Castle.

During the 19th century the state departments were gradually removed from the Castle so that only the army remained. In 1917 the Imperial Powers handed the Castle over to the SA Defence.

Today, thousands of rand are spent yearly on the maintenance of the Castle. The Architect Francis Macey (Sir Herbert Baker's partner) had already written in 1908: "Old walls have been removed and new partitions made, and chimney pieces and doors swept away, making it difficult in many places to identify the position or determine the use of some of the old rooms. Now stands the poor building in mute but eloquent reproach at the indifference to its fate of those who should hold it their dearest possession."

Architects have already for the past few years, worked on the bastions of the Castle to prevent that they become more damaged. In excavations made in the courtyard, interesting discoveries with regard to the history of the Castle were made. A swimming pool with a fountain was dug up as well as earthenware, pieces of porcelain and coins from the year 1797. The idea with the present restoration work is to assure that the Castle will remain standing for the next few centuries.

Today the Castle is not only a symbol of the administrative developments of the Cape of Good Hope, but also of the perseverance and drive displayed by South Africans from

veldtogte is gehou en die Afrikanerbond onder leiding van Jan Hofmeyer het kragtige vertoë aan die Koningin gerig. Sodoende het die gebou behoue gebly.

Teen die einde van die 19de eeu het die spoorweë op die sloping van die Kasteel aangedring om plek te maak vir spoorlyne na die Kaapse stasie. Hulle was suksesvol in soverre die Van Immhoff-battery en daar mee die Van Immhoff-huis verwyder is, maar die openbare verset daarteen onder leiding van mev Marie Koopmans-De Wet, het die sloping afgeweер.

In die loop van die 19de eeu is die staatsdepartemente geleidelik van die Kasteel verskuif sodat net die leermag oorgebly het. In 1917 het die Imperiale Magte die Kasteel aan die S.A. Weermag oorhandig.

Vandag word duisende rande jaarliks aan die onderhoud van die Kasteel bestee. Die argitek Francis Macey (Sir Herbert Baker se vennoot) het reeds in 1908 geskryf: "Old walls have been removed and new partitions made, and chimney pieces and doors swept away, making it difficult in many places to identify the position or determine the use of some of the old rooms. Now stands the poor building in mute but eloquent reproach at the indifference to its fate of those who should hold it their dearest possession."

Argitekte werk al die afgelope paar jare aan die bolwerke van die Kasteel om te voorkom dat dit verder beskadig word. In uitgravings wat in die binnehof gemaak is, is interessante ontdekkinge ivm die geskiedenis van die Kasteel gemaak. 'n Swembad met 'n sputfontein is opgegrawe asook erdeware, porseleininstukke en munstukke van 1797. Die idee van die huidige restorasiewerk is om te verseker dat die Kasteel vir die volgende paar eeue staande sal bly.

Vandag is die Kasteel nie slegs 'n simbool van die administratiewe en militêre ontwikkeling van die Kaap de Goede Hoop nie, maar ook van die volharding en deursettingsvermoë wat Suid-Afrikaners van geslag tot geslag openbaar het. Dit is dus ook

